

Ly die wêreld aan omgewings-geheueverlies?

*Lize Barclay**

Vanjaar het reeds uiterste veldbrande, hittegolwe, vloede en verlengde seisoene opgelewer. Wêreldwye gemiddelde temperature het in 2024 die hoogste vlakke in 175 jaar van aangetekende geskiedenis bereik. Atmosferiese koolstofdioksied het reeds 152% van die voor-industriële basislyn bereik.

In die Verenigde Nasies (VN) se eie verslag oor gapings met vrystellings word daar erken dat selfs die volle implementering van huidige nasionale beloftes sal veroorsaak dat verwarming verby die drumpel van 1,5 °C sal styg – 'n perk wat ons eens as 'n absolute limiet beskou het. Dit kan selfs 2,8 °C bereik as die huidige onveranderde beleide voortduur.

'n Mens sou aanvaar dat hierdie feite daartoe gelei het dat die omgewing, veral klimaataksie, uiters prominent is, aangesien dit die tema van Wêreldomgewingsdag op 5 Junie 2026 was. Tog het die algemene openbare belangstelling in die omgewing afgeneem.

In 'n Ipsos-opname van 2026 is bevind dat klimaatsverandering as 'n top- wêreldwye bekommernis gedaal het. Oorlog, konflik, die ekonomie en geopolitieke omwenteling is voorop in mense se gedagtes. In die maandelikse monitering van mense se bekommernisse, skuif klimaatsverandering dikwels af na die 11de plek – ver agter dringender persoonlike daaglikse kwessies soos inflasie, misdaad en werkloosheid. Daar is selfs bevind dat mediadekking in 2025 en 2026 van klimaatkwessies weggeskram het.

Dit is nie die eerste keer dat ons hierdie patroon sien nie; sedert die 1830's het belangstelling in die omgewing in fases gekom en gegaan. Ons het 'n skerp styging in openbare belangstelling in die 1970's, die 1990's en die middel-2000's gesien, maar dit het die afgelope paar jaar bestendig afgeneem.

Algemene omgewingsbelangstellings-moegheid en klimaatsverandering-uitputting het ingetree. Omgewingsrampe het so alomteenwoordig geword dat dit 'n onmiddellike bedreiging vir oorlewing inhou wanneer dit mense raak, maar die breër konsepte van wêreldwye klimaatsversagting en -aanpassing voel ver en verstrooid.

Selfs van klimaataksie se prominentste stemme het in 2026 verdwyn of van wysie verander. Bekendes en beïnvloeders wat voorheen veganisties was, verval in lang monoloë oor hoekom hulle nou vleis eet, en dikwels slegs vleis. Bill Gates, Leonardo DiCaprio en Greta Thunberg het aanbeweeg na ander kwessies.

Bekendes en beïnvloeders wat hulle aktivisme uit die omgewing rig, veral klimaatsverandering, kan oorwegend 'n goeie ding wees, aangesien mense oor die algemeen in 2026 moeg is daarvoor, veral wanneer hulle probeer om vir die gemiddelde persoon te vertel hoe om te leef terwyl hulle self oor die wêreld heen rits met superstralers en partytjies op superjagte hou. Die afname in belangstelling kan dan aan ware omgewingsbewustes en wetenskaplikes die geleentheid bied om wetenskap, logika en rede, saam met inkrementele verandering, na die storielyn te bring, verby al die reklameherrie.

Vanjaar is ook 'n ramspoedige tyd om omgewings- en klimaats-apaties te wees, gegewe die moontlike super-El Niño wat tot droogtes oor Suid-Afrika se somerreënvalstreke heen, rekordhoë temperature en moontlike oesmislukkings kan lei. Hoewel klimaatsverandering nie El Niño skep nie, verhoog dit wel die intensiteit en die gevolge daarvan.

Probeer om die neiging tot klimaats-apatie en omgewingsgeheueverlies teen te werk. Hier is vyf dinge wat jy kan doen om op Wêreldomgewingsdag by die mense van die aarde aan te sluit vir #NowForClimate:

1. **Verminder kosvermorsing:** Kos wat op stortingsterreine beland, is 'n beduidende bron van wêreldwye metaanvrystellings. Onnodige voedselprodukte en die vervoer daarvan dra by tot koolstofvrystellings.
2. **Plant iets inheems:** Plant 'n boom, 'n groentetuin of 'n klein habitat vir bestuiwers. Die herstel van die natuur op enige skaal bou veerkragtigheid, verhoog biodiversiteit en bied verkoeling in stedelike omgewings.
3. **Koop plaaslik:** Belê eerder in basiese items soos klere en meubels wat plaaslik en met sorg gemaak word. Kitsmode alleen is vir 10% van wêreldwye koolstofvrystellings verantwoordelik. Oorweeg dit ook om tweedehandse goedere te koop, te leer om dinge te herstel, of om plaaslike ambagsmense te ondersteun wat klere, skoene en toestelle vir jou kan herstel.
4. **Sluit aan by 2026 se Go-analogue-neiging:** Lees gedrukte boeke van die biblioteek, gebruik fisiese notaboeke, herstel en gebruik ouer musiek- en speletjietoestelle, speel bordspeletjies en gaan uit in die natuur. Om heelyd aanlyn te wees, vereis baie elektrisiteit en water om sowel die toestelle as die wolk aan die gang te hou. Hierdie hoë verbruikskoers versnel uiteindelik die tempo waarteen toestelle e-afval word, wat 'n beduidende omgewingsvoetspoor tydens die weggooiproses het en klimaatsverandering vererger. Verder is die verouderde mantra van "gaan digitaal, red bome" 'n gevaarlike mite omdat papier deesdae 'n landbouprodukt is. Dit is nie meer die gevolg van die ontbossing van oerwoude nie en is dit lankal nie meer nie. Wanneer jy 'n fisieke boek, notaboek of uitdruk het wat jy gereeld gebruik, het dit 'n aansienlik kleiner sistemiese omgewings- en klimaatimpak as om chronies aanlyn te wees.
5. **Weier klimaatsdoempromesie wat tot passiwiteit lei:** Glo dat ons steeds 'n verskil kan maak en tree dan daarvolgens op. Die oorgang na skoner stelsels is reeds aan die gang; beter energiestelsels word ontwikkel; wetenskap en innovasie skep meer omgewings- en klimaatvriendelike alternatiewe; gemeenskappe word herontwerp; en woude word herplant. Word 'n kampvegter, want omgewings- en klimaatbepommernisse is nie luukse oortuigings nie – ons kan almal 'n verskil maak, maak nie saak hoe klein nie.

**Dr Lize Barclay is 'n senior dosent in Toekomsstudie en Stelsel denke aan die Stellenbosch Besigheidskool.*